Noble Private Portfolios
Independent Asset Managers

Mei 2019

## Wêreldekonomie

Die VSA se verbruikersvertroue het in Mei bo verwagting gestyg en bly oor die algemeen relatief hoog. Die VSA se huispryse het in Maart minder as wat verwag is, gestyg, met die koers wat tot 2,7% op ’n jaargrondslag verlangsaam het. Die VSA se vervaardigingsbedryf het volgens ’n nasionale koopbestuurdersopname nog verder in Mei verlangsaam tot sy laagste in meer as twee en ’n half jaar, strydig met verwagtings vir ’n matige herstel. Aanvanklike ramings wat in Mei bekend gemaak is, het aangedui dat Japan se ekonomie ’n geannualiseerde 2,1% in die eerste kwartaal gegroei het, aangesien invoere vinniger as uitvoere gedaal het, terwyl ’n afname in besigheid- en huishoudelike besteding ’n teken is van swak binnelandse vraag. Fabrieksaktiwiteit het in die meeste Asiatiese lande in Mei gekrimp, aangesien’n eskalerende handelsoorlog tussen Washington en Beijing vrese laat ontstaan het vir ’n wêreldwye ekonomiese afswaai. Inflasie in die 19 lande wat die euro deel, het in Mei tot 1,2% van 1,7% in April gedaal, laer as verwagtings van 1,3%.

## SA Ekonomie

SA se ekonomie het met 3,2% in die eerste kwartaal van 2019 gekrimp, die ergste daling sedert dieselfde tydperk in 2009. SA sal waarskynlik nog ’n resessie beleef gegewe die swak prestasie in die eerste kwartaal van 2019. Die Reserwebank se monetêre beleidskomitee (MBK) het rentekoerse onveranderd op 6,75% gelaat. Statistieke SA het aangekondig dat jaarlikse oorkoepelende verbruikersprysinflasie vir April tot 4,4 % verminder het. Villa van Moody’s SA het gewaarsku dat SA se kredietprofiel waarskynlik sal aanhou om agteruit te gaan by gebrek aan doeltreffende beleidsverandering in die konteks van verswakkende fiskale sterkte en lae groei. Statistieke SA se kwartaallikse arbeidsmagopname het getoon dat die werkloosheidskoers met 0,5% tot 27,6% in die eerste kwartaal van 2019 gestyg het. Kleinhandelsverkope was 0,2% hoër in Maart, laer as die 0,6% wat deur ekonome verwag is, volgens ‘n Bloomberg opname. Suid-Afrika het ’n handelstekort van R3,43 miljard in April van ’n hersiene R4,71 miljard surplus in Maart aangeteken, volgens data van die Inkomstediens. Die seisoenaal aangepaste Absa Koopbestuurdersindeks (KBI) het tot 45,4 indekspunte in Mei van 47,2 punte in April geval. Die Suid-Afrikaanse nuwevoertuigmark het met 5,7% in Mei gedaal. Uivoerverkope het met ’n onverwagse 8,8% gedaal.

## Tendense en geleenthede

- SAID verwag dat inflasie vanjaar gemiddeld 4,5% sal wees.
- Aanduidings is dat daar vanjaar ruimte vir rentekoersverlaging in SA sal wees.
- Verwagtings is toenemend dat die VS Federale Reserwe rentekoerse gaan verlaag.

*“There is an ocean between saying and doing”* – **Riaan Manser**, *Author of* **Around Madagascar on my Kayak** *and* **Around Africa on my Bicycle**

**RvD de Kock** **PJ de Jongh**

NOBLE PRIVATE PORTFOLIOS (PTY) LTD
Reg No: 1996/006915/07

Suite 2 | 77 Park Drive | Northcliff | 2195
Tel: +27 (0) 11 476 8548 | Fax: +27 (0) 11 476 8375 | Website: www.noblepp.co.za

Directors: P J de Jongh, P A van Zyl, H W du Preez

*Noble Private Portfolios (Pty) Ltd. is an authorised FSP in terms of the FAIS Act, 2002 (568)*
*Noble Private Portfolios (Pty) Ltd. is a member of StoneHouse Capital*

STONEHOUSE CAPITAL
Partnering the Exceptional